



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

SENIOR FASE

GRAAD 9

NOVEMBER 2014

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

PUNTE: 30

TYD: 1½ uur



Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING:

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:
AFDELING A: OPSTEL (20 punte)
AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS (10 punte)
2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.
3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
4. Skryfstukke moet beplan, geredigeer en geproeflees word. Maak gebruik van 'n vloeiagram/kopkaart/sleutelwoorde. Die beplanning moet voor die finale produk gedoen word.
5. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning nadat die finale produk geskryf is.
6. Nommer elke geskrewe teks volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.
7. Voorsien elke skryfstuk van 'n gepaste titel of opskrif. Lees die instruksies by elke vraag oor die titel noukeurig deur.
8. Tel die woorde aan die einde van die skryfstuk en skryf dit tussen hakies onderaan by die skryfstuk neer.
LET WEL: Die titel word nie in aanmerking geneem wanneer die woorde aan die einde van die skryfstuk getel word nie.
9. Riglyne vir tydsbeplanning:
AFDELING A: 55 minute
AFDELING B: 35 minute
10. Dit sal tot jou voordeel strek indien jou werk leesbaar en netjies is.

AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1****INSTRUKSIES:**

- Kies EEN vraag en skryf 210–250 woorde oor die onderwerp. (4 tot 8 paragrawe).
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies boaan die skryfstuk neer.

1.1 Wat sou die wêreld wees sonder onderwysers wat ons leer om die lewe met albei hande aan te gryp?

Skryf 'n opstel hieroor.

[20]

OF

1.2

AFRIKAANSE SEPIES OP TELEVISIE

[Uit:<http://www.google.com>]

Afrikaanse sepies kan Addisionele Taal-leerders help om beter in Afrikaans te vaar. Stem jy saam met die stelling?
Skryf 'n opstel hieroor.

[20]

OF

1.3 Ek wil iemand se hand gryp en spring van vreugde ...
Wat maak jou gelukkig?

Skryf 'n opstel hieroor.

[20]

OF

- 1.4 Kies EEN van die visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor.
Gee jou skryfstuk 'n titel. Jou opstel moet by die kern van die prent pas.

1.4.1



[Uit: <http://www.google.com>] [20]

OF

1.4.2



[Uit: <http://www.google.com>] [20]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE**VRAAG 2****INSTRUKSIES**

- Kies EEN vraag en skryf 140–160 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan die skryfstuk neer.

2.1 TOESPRAAK

Jy is genomineer om op die leerlingraad te dien.

Skryf jou TOESPRAAK waar jy jou medeleerders oortuig om vir jou te kies. Vertel die leerders wat jou leierseienskappe is, en waarom dit vir jou belangrik is om op die leerlingraad te dien.

[10]**OF****2.2 'N HULDEBLYK**

Jy is 'n goeie spreker en jy word gevra om 'n huldeblyk te lewer oor iemand wat 'n baie belangrike rol in jou lewe gespeel het, of iemand wat jy bewonder het.

Skryf die HULDEBLYK wat jy by sy/haar begrafnis gaan voorlees.

[10]**OF****2.3 DIALOOG**

Dit is die laaste Saterdag van die maand en jou ma wil inkopies gaan doen. Hoe probeer jy jou ma oorreed dat jy by die huis wil bly.

Skryf julle gesprek in DIALOOGVORM neer.

[10]

TOTAAL AFDELING B: 10
GROOTTOTAAL: 30

